PERSVERKLARING

SENWES LEWER GOEIE WINSTE IN ‘N UITDAGENDE EERSTE SES MAANDE

Senwes het die eerste ses maande van die finansiële jaar (geëindig 31 Oktober) teen ‘n wins van R147 miljoen afgesluit en ‘n addisionele spesiale dividend is deur die direksie verklaar.

Landbou- en besigheidstoestande het in die eerste ses maande teruggekeer na meer normale vlakke, na die abnormaal gunstige toestande van die vorige jaar. Kommoditeitspryse was onder relatiewe druk en produsente het die verkoop van graan uitgestel in afwagting op moontlike prysverhogings.

Goeie oeslewerings het ‘n uitstekende basis geskep vir die graanopberging- en bemarkingsbesigheid en prestasie was goed. Krediet het matig agterstallig geraak omdat produsente nie hul oes vroeg wou verhandel nie. Die mening is egter dat dit slegs tydelik van aard is. In die insetbesigheid het die Meganisasie-afdeling weer geskitter te midde van ‘n beduidende daling in die trekker- en implementemark.

Ondanks die feit dat omset met 30% gedaal het, het die netto resultaat met slegs 15% afgeneem. Gegewe die heersende ekonomiese toestande, is die direksie egter tevrede dat aanvaarbare resultate gelewer is, met ‘n optimisme wat bestaan oor die volgende ses maande. Matige reënval het voorgekom wat momentum begin gee aan die insetbesigheid wat tot dusver gekortwiek was. Positiewe voornemens vir aanplantings bestaan ten spyte van negatiewe sienings oor verwagte weerpatrone.

‘n Normale interim dividend van 25 sent per aandeel is verklaar tesame met ‘n addisionele spesiale dividend van 100 sent per aandeel wat die totale dividend op 125 sent per aandeel te staan bring. Senwes pas aktiewe balansstaatbestuur toe en poog om die maatskappy se ratverhouding te hou binne ‘n band waar geweegde gemiddelde koste van kapitaal op die optimum vlak is terwyl kapitaalbehoeftes steeds voorsien word. ‘n Addisionele spesiale dividend is verklaar, wat goeie nuus vir aandeelhouers behoort te wees midde in die heersende ekonomiese toestande.

Sleutelsyfers

Netto wins vir tydperk	R147 miljoen
Wesensverdienste per aandeel	81 c per aandeel
Netto batewaarde per aandeel	677 c
Eie kapitaal verhouding	42%
Inkomste – voortgesette bedrywighede	R4,7 miljard
Interim dividend	25 c per aandeel
Addisionele spesiale dividend	100 c per aandeel

- EINDE -

UITGEREIK DEUR INFOWORKS OP 9 DESEMBER 2009
Johan Smit
Tel: +27 18 468 2716
Sel: 082 553 7806
johan@infoworks.biz

NAMENS: Johan Dique
Besturende Direkteur: Senwes
Tel: +27 18 464 7565
johan.dique@senwes.co.za

www.senwes.co.za